Mei 2020

# Stellenberger



## ’n Geloof wat van die onbekende sin maak

Deur: Ds. Marius Breytenbach

Na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag lewer Petrus in Handelinge 2 ’n toespraak waarin hy met gelowiges oor die betekenis van Jesus se opstanding praat. Daarna vra die mense toe vir hom en die ander dissipels: “Wat moet ons doen, broers?” (Handelinge 2:37) In die daaropvolgende driehonderd jaar ontstaan ’n ryke verskeidenheid geloofsgemeenskappe regoor die antieke wêreld en in 325 n.C. bely hulle almal saam hul eenvormige geloof in een God ( die geloofsbelydenis van Nicea). Hierdie belydenis vertel die indrukwekkende verhaal van hoe God se Gees geloofsgemeenskappe telkens in veranderende en uitdagende omstandighede geïnspireer het om steeds sinvol te leef.

Nou, in Pinkstertyd 2020, bevind ons ons in soortgelyke omstandighede as die samelewing waarna in Handelinge verwys word en moet ons opnuut weer vir die Heilige Gees vra: Wat moet ons nou in hierdie unieke omstandighede doen?

Wat is die sin van die geloof wat ’n mens in hierdie tyd bely en wat is die herlewing waarvoor ons in hierdie Pinkster bid? Ek nooi jou om saam met ander gelowiges in die Pinkstertyd onder die indruk te kom van die inspirerende en transformerende krag van God se Gees as ons die verhale van die eerste geloofsgemeenskappe in Jerusalem, Antiogië, Filippi en Rome volg.

Preke sal gedurende die Pinkstertyd daagliks, reeds vanaf sesuur soggens, op ons webwerf beskikbaar wees. Lidmate kan dan enige tyd van die dag wat hulle pas, na die opname van die preek kyk. Die geskrewe preke sal ook op die webwerf beskikbaar wees vir diegene wat verkies om die preek te lees en almal wat graag net na die preek wil luister, kan op die klankbaan via die webwerf inskakel.

Vervolg op bladsy 2 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 1

Die Pinksterprogram lyk soos volg:

Prediker: Ds. Marius Breytenbach

EK GLO . . .

Sondag 24 Mei | In die Heilige Gees.

Maandag 25 Mei | Aan 'n gemeenskap van heiliges. Die gelowiges in Jerusalem.

Dinsdag 26 Mei | Aan 'n algemene Christelike kerk. Die gelowiges in Antiogië.

Woensdag 27 Mei | Aan die vergifnis van sonde en versoening. Die gelowiges in Filippi.

Donderdag 28 Mei | Aan die opstanding. Die gelowiges in Rome.

Sondag 31 Mei | Amen is die begin van nuwe lewe. Die gelowiges in Stellenberg.

**Pinkster vir kinders en tieners | 24 tot 28 Mei 2020**

**Kinderpinkster:**

Josef was familie van Jakob en dus deel van Jakob se tribe. Sy drome het in nagmerries verander toe hy as 'n verstoteling in Egipte beland het nadat sy familie (tribe) hom verwerp het. Ten spyte van sy nagmerrie-ervarings, het Josef steeds ervaar dat God by hom was, omdat God al die tyd 'n wonderlike plan met Josef se lewe gehad het. Die storie van Josef leer vir ons dat God ook met elkeen van ons se lewens 'n wonderlike plan het.

Raak hierdie Pinkster deel van ons TRIBE en kom neem saam met Josef deel aan Survivor Egipte. Ons gaan elke aand iets interessants oor antieke Egipte leer en daar is lekker aktiwiteite wat jy dan elke dag by die huis kan doen. Moenie Survivor Egipte misloop nie.

Opnames van die aanbiedings sal daagliks vanaf sesuur soggens op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees. Kliek op die Pinkster 2020-blokkie op die tuisblad.

**Relevant-pinkster:**

Tydens Pinkster 2020 gaan ons besondere fokus plaas op aanbidding en die essensie van wat dit beteken om 'n lewe van aanbidding (worship) te lei. Ons sentrale tema is Open to Worship, met die klem op hoe ons in hierdie tyd aanbidding deel van ons nuwe, vreemde alledaagse lewens kan maak. Ons dink na oor die feit dat Christus opgevaar het hemel toe en daarna die Heilige Gees naby ons geplaas het sodat ons in volgehoue konneksie met Hom kan leef.

Reis in die Pinkstertyd tydens die aanddienste saam met ons. Haal asem, beleef aanbidding en hoe God deel is van alles wat jy aanpak – elke dag, vir die res van jou lewe.

Opnames van die Relevant-pinksterreeks sal daagliks vanaf sesuur saans op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees. Kliek op die Pinkster-blokkie op die tuisblad, of besoek die Relevant YouTube-kanaal, of volg die preke deur middel van Instagram: Relevant Community.

# My storie . . .

Deur: Karen Cilliers



Op die foto is die hele Cilliers-gesin met van links Charl, Henri, skoondogter, Inari, Nicolaas, Karen en Nickey.

**Ek glo dat ek een van die gelukkigste mense op aarde is. Ek het grootgeword in 'n huis waar my ouers ons vier kinders met baie liefde grootgemaak het en vir ons wonderlike geleenthede gebied het.**

Ons was 'n baie sportiewe gesin en al vier kinders het provinsiale kleure in een of ander sportsoort verwerf. Ek en my suster beide in netbal. Ons hele gesin het ook graag tennis gespeel. Ek het tot in my dertigs netbal en aksienetbal gespeel en afgerig. Enige sportaktiwiteit was altyd vir my lekker.

Ek het my man, Nickey, tydens ons studentejare op Stellenbosch ontmoet en ons is in 1988 getroud. Vir die eerste paar jaar na ons troue het ek nog ernstig netbal gespeel en ons eersteling, Nicolaas, is eers in 1994 gebore. Kort daarna het Charl sy opwagting gemaak en met Henri se aankoms in 1998, was ons voltallig. In 1999, toe Henri een jaar oud was, is ek met die sogenaamde oumenssiekte, Parkinson's, gediagnoseer.

Parkinson se siekte is 'n breinafwyking wat veroorsaak dat 'n mens geleidelik spierbeheer verloor. Dit gebeur wanneer die selle in jou brein wat verantwoordelik is vir die vervaardiging van dopamien, begin doodgaan. Dit tas jou vermoë om te beweeg en selfs te praat aan, aangesien die brein nie meer vinnig genoeg kan reageer nie. Dit kan natuurlik ook jou gemoed, gedrag en denke beïnvloed. Daar is medikasie beskikbaar wat die simptome verlig, maar die medikasie het weer slegte newe-effekte, soos onder andere diskinese, wat na die onwillekeurige beweging van 'n mens se ledemate verwys.

.Vervolg op bladsy 4 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 3

Met die diagnose was my kinders vyf, vier en een jaar oud. Van die eerste gedagtes wat by my opgekom het, was hoe die siekte hulle gaan raak en of hulle nie skaam sal raak wanneer hulle ma snaakse bewegings maak nie. Gelukkig kon ek dit aanvanklik regkry om net aan te gaan met my lewe en ek dink nie my kinders het agtergekom ek is siek, of "anders" nie.

My toestand het uiteraard mettertyd agteruitgegaan en veral die laaste paar jaar voor ek 'n operasie ter verligting van die simptome sou ondergaan, was moeilik. Die medikasie wat ek toe gebruik het, het 'n rukkie geneem om in te skop nadat ek dit gedrink het. Tot dan kon ek omtrent niks aanpak of uitrig nie, want in daardie tydgreep gaan boodskappe glad nie deur na die brein toe nie. Dit was veral 'n probleem in die oggend as ek wakker geword het. Boonop kon ek snags net so twee tot drie uur slaap en opstaantyd soggens moes Nickey my help aantrek. Dus het elke oggend en dag 'n uitdaging geraak. Gelukkig het ek toe reeds lankal besluit dat 'n mens twee keuses het – jy kan lag, of jy kan huil. Ek kies elke keer lag, so ons lag baie!

Mense se reaksie oor my bewerige ledemate en diskinese was ook baie snaaks, maar ek het besef hulle bedoel net goed en wil in die meeste gevalle bloot help. Ek moes gewoond raak aan mense wat my aanstaar, vra of ek nie koud kry nie en of ek nie dalk die toilet wil gebruik nie. As die diskinese erg was, was ek soos die spreekwoordelike bull in a China shop -- die tandarts en die haarkapster moes letterlik met 'n moving target werk.

Ek het al meer baie begin sukkel om gewone bewegings uit te voer en in 2015 het ons besluit dat ek 'n diepbreinstimulasie-operasie (DBS) moes ondergaan. Ek was verskriklik bang daarvoor, aangesien die neuroloog ons vir bykans twee ure besig gehou het net om te verduidelik wat alles tydens die operasie kan verkeerd loop en dat daar geen waarborg op sukses was nie. Tydens die operasie word elektrodes chirurgies deur 'n neurochirurg in die brein ingeplant en die elektrodes stimuleer dan sekere areas in die brein. Die DBS-neurostimulator, of pasaangeër, word gewoonlik naby die sleutelbeen ingeplant en is aan die brein gekoppel deur klein draadelektrodes wat weer elektriese seine vanaf die neurostimulator na die elektrodes in die brein stuur. Die impulse wat na die brein gestuur word, verlig die simptome van die siekte, wat beteken dat die pasiënt minder medikasie hoef te gebruik en dat die newe-effekte soos diskinese ook verminder.

Die dag van die operasie was vreesaanjaend. Eers het die dokter al my hare afgeskeer en toe het hulle 'n helm op my kop vasgeskroef wat my kop moes stilhou. Daarna is ek vir 'n CT scan om te bepaal of hulle wel kon boor tot waar die electrodes ingeplant sou word. Ek moes wakker wees vir 'n groot deel van die ses uur lange operasie sodat bepaal kon word of die elektrodes op die regte plek geplaas is, en of ek positief reageer op die stimulasie. Nadat die elektrodes suksesvol geplaas is, het hulle vir my narkose toegedien en die pasaangeër onder my vel geplaas. Tydens die hele prosedure moes my gesin gespanne sit en wag op die uitkoms, maar deur die genade het alles glad verloop en die operasie was 'n reusesukses. Ek is die Woensdag geopereer en die Saterdag was ek terug by my huis. Daarvoor loof ons die Here!

Na die operasie kon ek baie meer doen en my simptome was minder erg. Ons kan nou weer gaan fliek, uiteet en reis. Ek gebruik nog medikasie, maar minder.

Vervolg op bladsy 5 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 4

My linkervoet sleep kwaai, veral as ek begin moeg raak en ek ervaar ook steeds diskinese, maar dis meer beheersd. Elke dag bly maar steeds 'n uitdaging, maar ek besef ook dat alle mense hulle eie unieke uitdagings het. Daarom maak ek doelbewus elke dag 'n keuse en my keuse is: *If I am not up , I am Getting up!*

Die meeste van my simptome is sigbaar, maar gelukkig is ek 'n ekstrovert wat regtig nie kan stilsit en tob oor wat mense van my gaan dink nie. Om saam met die siekte te leef het my baie geleer en die een les wat boaan my lys van lewenslesse staan, is: Wees altyd dankbaar vir die Here se genade en leef elke dag voluit.

Daar het nou 21 jaar verloop vandat ek die eerste tremor gevoel het. Intussen is van my vriendinne, asook my geliefde suster, oorlede, maar ek beur nog voort. 'n Mens moet niks as vanselfspekends aanvaar nie. Wees lief vir die mense wat God oor jou pad stuur en laat God se lig deur jou skyn en laat Hy bepaal hoe jy na ander mense kyk – jou oë vertel presies hoe jy voel. Die Here het my geseën met ongelooflike vriendinne, wat my aanvaar en liefhet nes ek is en wat altyd bereid is om my te help. Niks is ooit te veel vir hulle nie en dit maak 'n groot verskil in my lewe.

Ek glo regtig dat elkeen van ons hier op aarde is om God se liefde uit te leef, want daar is geen groter liefde as dit nie. Ek sê elke dag vir Here dankie vir wonderlike ouers wat my met liefde grootgemaak het, vir my broers en suster en ook vir 'n fantastiese man wat my regtig baie goed verstaan, wat die Here dien en die hoof van ons huis is, vir drie ongelooflike seuns en 'n skoondogter – elkeen deur Hom met die hand uitgesoek.

| Karen en Nickey Cilliers is jare lange, gewaardeerde lidmate van Stellenberg-gemeente. Karen het in die 1990's ook in die kerkkantoor gewerk. Haar positiewe lewensuitkyk, humorsin en gelate hantering van die lewe se uitdagings, maak op almal wat haar pad kruis, 'n blywende indruk.

# Annibrand-groepe vat weer vlam


"Ons kategesegroepe, juniors en seniors, is weer aan die gang," sê ds. Hanno Ackerman, jeugleraar. "Die aanbieding van die onderskeie kategesegroepe lyk natuurlik heeltemal anders as in die verlede, maar dit is tog vir ons belangrik om weer met kategese te kon begin."

Brenda Visser, kinderwerker, sê dat die Annibrand Juniorgroepe se weeklikse lesse is op die inhoud van die gesamentlike oggend-en-gesinsdiens gebaseer. "In elke erediens is 'n kort insetsel spesiaal vir kinders en die les vloei dan ook daaruit voort. Ons laai die lesmateriaal op ons webwerf en vra ouers om dit daar af te laai en dit dan na die diens saam met hulle kinders deur te werk. Ons besef ouers is reeds oorlaai met skoolwerk en daarom is die lesse kort. Dit neem nie langer as 15 minute om dit saam met jou kind deur te gaan nie. Daar is ook oulike video's op die webwerf wat die lesmateriaal aanvul en indien daar ook 'n jonger boetie of sussie in die gesin is, kan hulle gerus na die video's vir kleuters op die webwerf kyk, terwyl Ouboet of Sus met hulle kategeseles besig is. Die stories van Saggeus en Josef, spesiaal vir kleuters bedoel, is reeds op die webwerf beskikbaar."

"Die seniorgroepe kom saans om 19:00, na die Relevant-diens, via internetgespreksgroepe bymekaar," sê Hanno. Hulle bespreek dan die inhoud van die preek. Dit is vir ons belangrik dat die kleingroepe met mekaar kontak behou. Ons is dankbaar vir die feit dat die meeste tieners toegang tot die internet het en dat kommunikasie steeds op dié wyse kan plaasvind."

# Die kerk moet dringend aanpas by die Covid-19-samelewing

Deur: Ds. Callie Visagie



**Die ongekende ontwrigting wat die koronapandemie op byna elke vlak van die same-lewing veroorsaak, impliseer dat ons voorwaar sal kan praat, nie net van n.C. as aanduiding van na Christus nie, maar ook v.C. en n.C. met verwysing na vóór die Covid-19-pandemie en ná die Covid-19-pandemie.**

In ons gemeentebelydenis spreek ons die wyse waarop ons wil leef, uit: Nader aan God, nader aan mekaar, om voortdurend te vernuwe en 'n verskil in die wêreld te maak. In 'n onlangse artikel deur Eben Human op Netwerk24, verwys hy na die aanpasbaarheid van verskillende spesies oor lang tydperke heen en spesifiek na die luiperd wat 'n voorbeeld is van die dier wat dit waarskynlik die beste reggekry het. Afhangende van die natuurlike omgewing en die area tot hulle beskikking vir jag, pas hierdie katsoort hom aan. In die Krugerwildtuin is mannetjies se gewig gemiddeld 58 kg teenoor die 35 kg van mannetjies in die Wes-Kaap. Eersgenoemde se jaggebied is 25 - 50 vierkante kilometer groot, teenoor dié in die Sederberge se 200 - 1 000 vierkante kilometer. In Indië het daar mettertyd 'n swart mutasie in die velkleur gevestig, wat die luiperd in die skadu kamoefleer en hom toelaat om meer suksesvol te jag.

Die beduidende finansiële en sosiale invloed wat Covid-19 in die postkorona-landskap inhou, is ook vir geloofsgemeenskappe verreikend. Op die korttermyn blyk dit dat ons vir die grootste deel van 2020 nie kerklike byeenkomste sal kan hou nie. Net soos op ekonomiese, kulturele en sportgebied, sal ons nuwe werklikheid meebring dat sake nooit weer na die ou normaal sal terugkeer nie. Hoe vinniger ons as geloofsgemeenskap die nodige aanpassings maak, hoe gouer kan ons weer 'n nuwe gestalte aan die liggaam van Christus gee. Om net bloot aan te gaan soos in die verlede, is kortsigtig en 'n blatante ontkenning van die werklikheid waarin ons ons bevind, moet leef en oorleef.

. . . Vervolg op bladsy 7

Daar is verskillende uitdagings wat ons in die gesig staar en ons sal kreatief planne moet maak, oplossings en nuwe uitkomste moet soek. Die verlies aan kerklike byeenkomste, asook die voorspelde resessie wat ons lidmate met die moontlike verlies aan inkomste en werk sal raak, sal dan ook daadwerklike uitdagings vir ons kerklike begroting meebring.

Dit is uitdagende tye vir die kerk, maar ook 'n wonderlike geleentheid waar mense terselfdertyd op 'n nuwe wyse na geestelike ankers soek en opnuut sal besin oor die sin en betekenis van die lewe.

Die kerkraad het net voor die landwye inperking 'n ad hoc-Covid-komitee saamgestel, bestaande uit twee predikante en drie lede van die kerkraad, naamlik Blanco Barnard, Dirk Brand en Danie Claassen. In samewerking met die predikantespan probeer ons sake proaktief bestuur en is die volgende beplanning reeds gedoen:

- Die gemeente se digitale kommunikasie, met die klem op die gemeente se webtuiste, Facebookblad, elektroniese bulletin, elektroniese Stellenberger en 'n WhatsApp-gemeentegroep, word opgeskerp.
- Eredienste word so aangebied dat preke geLEES, geLUISTER en geKYK kan word.
- Senior kategese: Virtuele gespreksgroepe word ingespan sodat die kleingroepe van die senior kategese weekliks byeenkomste kan hou.
- Junior kategese: Kategeselesse word weekliks op die webwerf gelaai en ouers word versoek om as kategeet op te tree en die kort les met hulle kinders deur te werk.
- Die groep vir jongwerkendes en studente ontmoet mekaar ook weekliks deur middel van 'n virtuele byeenkoms.
- Predikante se vergaderings word weekliks op Dinsdae deur middel van ZOOM gehou.
- 'n Telefoonbediening, veral met die oog op ons senior lidmate, is ingestel.
- Besinning oor die gestalte van kerkwees in hierdie tyd word gedoen. Hier word onder meer beraadslaag oor die rol van predikante, die kerkkantoor en die benutting van die geboue-kompleks.
- 'n Virtuele saamkuiergeleentheid word Sondagnamiddae in die markplein gehou. Die leraars wat die bepaalde oggend preek, lei ook die middag se virtuele markpleinbyeenkoms.
- Die kort- en langtermyn ondersteuning van mense in nood. Hier werk ons veral nou saam met vennote in minderbevoorregte gemeenskappe waar die gemeente reeds die afgelope jare betrokke was. Dit blyk op hierdie stadium dat dit een van die belangrikste fokusareas in die volgende maande sal wees. (Lees gerus die artikel oor wat tot dusver in die verband gedoen is.)
- Finansiële uitdagings: Die finansiële druk waaronder lidmate verkeer, gaan 'n besliste impak op die gemeente se begroting hê.
- Die feesmark sal ook moontlik nie kan plaasvind nie. Ongeveer 20% van die gemeentelike inkomste word deur die feesmark gegenereer. Beplanning rakende die moontlikheid van 'n aanlyn feesmark geniet reeds aandag, maar die impak van die verlies aan inkomste is egter voor die hand liggend en sal deeglik verreken moet word.

. . . Vervolg op bladsy 8

- Hersiening van die prioriteite en begroting vir die huidige boekjaar: Alle kommissies van die kerkraad het in die lig van die veranderende omstandighede en die finansiële impak daarvan op die gemeente nuwe prioriteite en begrotings opgestel (en alle uitgawes tot op die been gesny). 'n Nuwe, geprioritiseerde begro-ting sal in die week van 11 Mei aan die kerkraad voorgelê word. Aanpassing van vergoeding vir predikante asook vir die res van die personeel sal ter tafel gelê word.
- Herbesinning rakende die funksionering van die gemeentelike strukture asook die funksionering en bekostigbaarheid van die kerkkantoor en administratiewe personeel.

Ons is dankbaar teenoor die Here dat Hy Stellenberg-gemeente seën met leiers wat oor sterk leierskapsvaardighede, asook die vermoë om kreatief en met vindingrykheid die nodige aanpassings kan maak, beskik. Hierdie vermoëns stel ons in staat om saam voortdurend en verantwoordelik te vernuwe.

# Agter die skerms by eredienste

**Gavin Watson is Stellenberg-gemeente se voltydse klankman. Hy was voor die grendeltyd Sondae tydens die oggend- en jeugdiens vir die klank verantwoordelik en is die man wat weet waar al die kabels ingeprop moet word sodat elke lidmaat in die kerk die dominees, die kitaar, die orrel en die sangers kan hoor. Met die skielike wegval van ere- dienste op Sondae as gevolg van die Covid-19-pandemie, moes baie aanpassings gemaak word, maar Gavin is steeds op sy pos agter die skerms en betrokke by die opname en redigering van ons eredienste in nuwe formaat.**




"Ek het ongeveer ag jaar gelede by die gemeente betrokke geraak," vertel Gavin. "Dit het toevallig gebeur toe die jeugband, Plofstof, een aand 'n lofprysingsessie by Stellenberg Hoërskool, waar ek toe 'n leerling was, aangebied het. Ek was deel van die skool se tegniese span wat die klank, multimedia en beligting moes hanteer. Die leier van die jeug*band* het my ontmoet en gevra of ek hulle nie op 'n meer gereelde basis met klank tydens die jeugdiens wil help nie en hier is ek steeds – ag jaar later.

"Ek het altyd in die klank- en beligtingsbedryf belang gestel en het besluit om na matriek vir 'n driejaardiploma in klanktegnologie en produksie by die Cape Audio College in te skryf. My studies is nou voltooi en gedurende die week werk ek by 'n klank-en-beligtingsbesigheid, genaamd Intello Acoustics.

Vervolg op bladsy 9 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 8

Daar behartig ek die klank van enige binnenshuise of buitelugaanbieding waarvoor die besigheid gekontrakteer word. Sondae is ek egter steeds vir die klank van die oggend- en jeugdiens verantwoordelik. Die hantering van klank tydens 'n funksie, of erediens, het maar gewoonlik uitdagings, met al die klein jakkalsies wat dikwels onverwagse probleme oplewer.

Wat eredienste betref, sou ek sê die jeugdiens se klank is die moeilikste om te behartig, aangesien ons elke Sondag 'n volle band met 'n verskeidenheid instrumente het, asook sangers wat die lofprysing lei.

"Ek het altyd in die klank- en beligtingsbedryf belang gestel en het besluit om na matriek vir 'n driejaardiploma in klanktegnologie en produksie by die Cape Audio College in te skryf. My studies is nou voltooi en gedurende die week werk ek by 'n klank-en-beligtingsbesigheid, genaamd Intello Acoustics. Daar behartig ek die klank van enige binnenshuise of buitelugaanbieding waarvoor die besigheid gekontrakteer word. Sondae is ek egter steeds vir die klank van die oggend- en jeugdiens verantwoordelik. Die hantering van klank tydens 'n funksie, of erediens, het maar gewoonlik uitdagings, met al die klein jakkalsies wat dikwels onverwagse probleme oplewer. Wat eredienste betref, sou ek sê die jeugdiens se klank is die moeilikste om te behartig, aangesien ons elke Sondag 'n volle band met 'n verskeidenheid instrumente het, asook sangers wat die lofprysing lei.

"Met die skielike omwenteling in die aanbieding van eredienste wat gevolg het op die aanvanklike inperkingsmaatreëls, moes ons vinnig planne maak om preke in videoformaat op te neem. Voordat die landwye inperking ingestel is, kon ek en die predikante steeds die eredienste in die kerk opneem, waarna ek dan die redigering van die opname behartig het. Maar nou na die algehele inperking, moet die predikante die preke tuis met hulle selfone opneem. Hulle neem dit so teen Woensdae op, stuur die opnames aan my, waarna ek dit dan redigeer. Die redigering neem tussen twee en vier ure. Dit hang maar alles af van hoeveel byvoegings daar in die preek is. Met verloop van tyd raak die predikante egter al meer tuis voor die kamera en dit vergemaklik weer my werk.

"My raad aan ander jongmense wat oorweeg om in dié industrie te werk, sou wees om so vroeg as moontlik deeltyds by klankaanbiedings betrokke te raak. Sodoende sal jy vasstel of jy werklik 'n passie vir die bedryf het. Die bedryf stel baie uitdagings aan 'n mens se vermoëns en vaardighede, verg lang werksure en so meer, maar bied ook baie geleenthede wat dit as beroep tog die moeite werd maak.

"Ek geniet my werk by Stellenberg-gemeente en is self 'n lidmaat van die gemeente. Die samehorigheid van ons gemeente is vir my lekker. Ek geniet dit om te sien hoe almal Sondae saamkuier. Ek dink dit is hoe 'n geloofsgemeenskap moet lyk."

Stellenberger | Samestelling | Sanèl Joubert

Taalversoring | Annemarie Spies

Bydraes en voorstelle | sanel@stellenberg.co.za

# Stellenbergers maak nuwe planne tydens die inperking

## ’n Omgeegroep ontmoet virtueel




Jan Dawid Luttig se omgeegroep, bestaande uit ses gesinne, het in die verlede tweeweekliks op Sondagmiddae bymekaargekom. Die byeenkomste het gewoonlik tussen die groeplede se huise geroteer. Sedert die inperking ontmoet die groep stééds tweeweekliks, maar nou deur middel van ’n virtuele gespreksplatform. Tussen die ses gesinne het hulle ’n somtotaal van 13 kinders, waarvan die jongste in graad 2 en die oudste in graad 9 is. Jan Dawid sê dat die kinders ook aan die Bybelstudiebesprekings deelneem. "Ons kies juis onderwerpe waaroor die kinders ook kan saamgesels. Ds. Marius Breytenbach het ook al per geleentheid vir ons leiding rakende Bybelstudiemateriaal gegee." Op die foto's bo is vyf van die gesinne wat ingeskakel het by ’n byeenkoms wat tydens Paasnaweek gehou is.

## Virtuele markplein op Sondagnamiddae

“Dit was altyd wonderlik om Sondae nader aan God, maar ook nader aan mekaar te groei,” sê ds. Marius Breytenbach. “Na eredienste kon lidmate in ons markplein en teetuin saamkuier. In die lig van die grendeltyd wil ons saam met ons aanlyn dienste, ook ’n virtuele markplein (gespreksgroep) skep.

“Dit werk soos volg: Indien jou foon of rekenaar internettoegang bied, kan jy via ’n skakel wat jy per e-pos sal ontvang, op die byeenkoms inteken. Die twee predikante wat die oggenddienste aanbied, sal ook die gespreksgroep vanaf 16:00-16:40 lei. Die betrokke predikante se e-posadresse sal elke Sondag net voor die eredienste op die skerm vertoon word. Stuur jou naam, van en e-posadres vir een van hulle en hulle sal die skakel of uitnodiging na die gespreksgroep per e-pos vir jou stuur. Om 16:00 kan jy op die skakel kliek en jy sal tot die gespreksgroep toegelaat word. In die volgende paar weke gaan die predikante ook aanlyn geleenthede skep waar mense wat geografies naby mekaar woon, saam kan kuier, soos ons voorheen met wyksbyeenkomste gedoen het. Die predikant wat aan jou straat of omgewing toegesê is, sal ’n saamkuier van 40 minute vir die geografiese area waarin jy woon, skeduleer en dit aan jou stuur. Indien jy by die kuier wil inskakel, kan jy net op die e-pos antwoord. Ons hoop om mense op dié wyse bymekaar uit te bring, sodat ons op hoogte van mekaar se behoeftes kan bly en mekaar sodoende kan help en ondersteun.”

## Eredienste in jou sitkamer of met ’n panoramiese uitsig







Foto links: Die Burgers kyk saam na die oggenddiens. Inneke Burger sê dat die videospeletjies onderaan die TV-skerm naweke ingespan word om die jongmanne besig te hou. *Dankie dat jy die foto met ons gedeel het, Inneke. Sterkte met die besig hou van die twee manne. Dit bly seker in dié dae ouers se grootste uitdaging.*

Foto regs: Abrie en Susan Visagie verwyl die grendeltyd op hulle plaas. Hulle het Sondagoggend 26 April een van die koppies op die plaas uitgeklim en daar saam na die erediens gekyk. Met die foto hieronder deel hulle hul pragtige uitsig met ons. *Daar is sekerlik geen beter plek om God se woord te hoor as in sy pragtige skepping nie. Dankie vir die pragtige foto.*

## Nog nuus van Raponsie in Pole



In die April-uitgawe van die Stellenberger het Sanet Hattingh vir ons van haar en manlief, Theuns, se inperking in Kraków, Pole, vertel. Theuns werk tans in Pole en Sanet het aan die begin van Maart gaan kuier. Die kuier het met die landwye inperkingsmaatreëls, wat onverwags eers in Pole en toe in Suid-Afrika ingestel is, eensklaps van ’n sprokieskuier in ’n effense nagmerrie verander. Die twee is toe vir 40 dae in 'n hotelkamer, met net ’n ketel en ’n piepklein kroegyskassie toegerus, en alle restaurante in die omgewing gesluit, vasgevang.

Sanet het daarom maar besluit om haar te verbeel sy is in ’n storieboek en leef die sprokiesverhaal van Raponsie uit. Sy vertel:

“Die sprokie ondergaan toe skielik nóg ’n gedaanteverwisseling toe ek skielik produktief moet raak en aanlyn begin skoolhou,” vertel Sanet. “’n Magdom nuwe inligting via Teams en Zoom het my skielik oorweldig en die volgende uitdaging was om dringend ’n skootrekenaar te bekom. Ek het nie myne ingepak vir die vinnige kuiertjie nie en Theuns se rekenaar gee toe ook die gees. Toe begin die pynlike proses om ’n rekenaar gekoop te kry. Al die winkels was gesluit en ons enigste uitweg was aanlyn aankope op Poolse webwerwe, waar ’n mens geen woord kan verstaan nie!

. . . vervolg vanaf bladsy 12

“Toe die skootrekenaar uiteindelik arriveer, was ek behoorlik in ekstase en van daar af was die aanlyn onderwys aansienlik makliker. Met gratis handboeke om af te laai en ’n wonderlike vakspan wat almal kliphard saamwerk om die lesse vir ons leerders voor te berei, was ons vining reg vir aksie.

“Die 40 dae van inperking in die beknopte kamertjie was maar ’n grootse uitdaging. Ons is gelukkig gesoute kampeerders en kon ons kampeervaardighede inspan om die konstante ongerief te verduur.

“Intussen het ons darem ’n paar kosbare oomblikke saam met Stellenberg-gemeente gedeel. Ons het nagmaal saam met Why se mannegebedsgroep om 06:00 een oggend via WhatsApp bygewoon en die eredienste op YouTube is vir ons kosbaar.

Intussen is Theuns se projek afgehandel en kon ons na Katowice verhuis waar ons nou in ’n lieflike woonstel met ’n kombuis, ’n regte stoof, groot yskas en ’n rusbank, woon. Dié artikels voel nou soos luukshede.

“Inperking word hier ook geleidelik opgehef en ons mag nou buite gaan stap (enige tyd van die dag!). Dis boonop lente en daar is die pragtigste blomme oral waar ’n mens kyk! Twee maande gelede was al die bome net ’n klomp kaal, bruin takke en nou is dit oortrek met kleur. Waar jy ook al jou kop draai, sien ’n mens net wit, pienk en pers bloeisels en ’n klomp skakerings van groen en so ’n amperse geel. Hier is so baie pragtige parke en woude naby die stad en almal stap, ry fiets, rolskaats en swem selfs daar. ’n Mens waardeer die vryheid om in die natuur te mag wees soveel meer nadat jy so lank binnenshuis vasgekluister was.

“Intussen wag ons geduldig vir die landsgrense om te open en ’n vliegtuig wat ons sal huis toe neem. Ons pak die lewe nou dag vir dag aan . . .”

## Handwerk hou seniors positief

Op die foto regs pryk die bykans 200 serpe wat Ria McMicken al vir minderbevoorregtes gebrei het. Sy vertel dat inwoners van die ouetehuis waar sy woon, glad nie die terrein of hulle woonstelle mag verlaat nie. Sy brei en krap in haar klein tuintjie om aan die gang te bly. Sy is dankbaar dat sy voor die inperking genoeg wol aangekoop het sodat sy haar daarmee kan besig hou. Sy sê sy dwing haarself om positief te bly en aanvaar dat dié omstandighede buite haar beheer is.





Op die foto links is Pieter Pienaar aan die brei. Hy het reeds 200 musse tydens die inperking gebrei en werk steeds volstoom voort. Volgens ds. Why Duvenhage hoop hy dat uitreike in ’n kleiner, of afgeskaalde formaat sal kan voortgaan. Dit sal afhang van hoeveel jongmense beskikbaar is om saam te gaan en op watter vlak van inperking die land dan sal funksioneer. Why en ’n groep volwassenes beoog egter om al die uitreikdorpe in Julie te besoek, waartydens hulle die serpe en musse aan minderbevoorregtes sal uitdeel.

# So help ons met kosnood

Deur: Ds. Why Duvenhage

Ons gemeente het reeds sedert die instelling van die landwye inperking gereageer op voedselnood onder hulpbehoewendes in ons omgewing.  Die eerstes wat onder ons aandag gekom het, was die hawelose mense in Bellville. Ons het een keer per week, met MES as koördineerder en met die samewerking van heelwat ander kerke, sop aan hawelose mense in die middestad van Bellville begin bedien.

Intussen het Shiloh ons genader en gevra of hulle ons saalkompleks as 'n depot en verspreidingspunt vir die verpakking van meer as R1 miljoen se kos kan gebruik.  Die kos, wat deur die Wes-Kaapse regering gefinansier is, is hoofsaaklik onder TB-pasiënte in die metropool versprei. Heelwat van ons lidmate was betrokke by die verpakking van die pakkies.

Die betrokkenheid by bogenoemde projekte het daartoe gelei dat ander nood, soos byvoorbeeld 66 baie brose gesinne in Khayelitsha en Uitsig in Ravensmead, ook onder ons aandag gekom het. Ons lewer op Dinsdae by dié gesinne kospakkies ter waarde van R150 af, asook bevrore sop en brood. Danksy 'n groot skenking vars groente wat ons eenkeer ontvang het, kon ons daardie week ook vars groente saam met die kospakkies uitdeel.

Ek het na die eerste aflewering van hierdie kospakkies dié nota van pastoor Solomons in Khayelitsha ontvang:

*May I take dis opportunity and say thank you Pastor Why, the Stellenberg Church and the whole team for the tremendous support you have rendered.  I was in tears when I saw people receiving food parcels, crying and thanking God. May God bless you all the days of your  lives.*

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om lidmate wat voedsel skenk, by die verpakking van kos behulpsaam is en wat finansiële bydraes tot die voedselprojek maak, bedank.  Die nood gaan voortduur, waarskynlik tot lank na die inperking. Julle  ondersteuning en omgee maak 'n daadwerklike verskil waar nood, armoede en honger 'n alledaagse verskynsel is.







Gesinne wat kospakkies ontvang het in Khayelitsha en Uitsig, Ravensmead.

# Finansies – ons moet herbesin

Deur: Danie Claassen

**Die aanvanklike beplanning van die inhoud vir hierdie finansiële verslaggie, was om inligting oor die nuwe boekjaar te verstrek – die resultaat van strategiese beplanning in geloof, gepaardgaande met gebed deur al die kommissies. Maar, met die Covid-19-uitdaging lyk die finansiële begrotings en balansstate van individue en ondernemings tans dramaties anders – ook dié van Stellenberg-gemeente.**

Ons almal het die afgelope ses weke die gemeenskap van gelowiges op 'n ander manier beleef – aan die een kant is ons op nuwe maniere elektronies bedien en aan die ander kant kon ons vanuit ons staat van inperking, ook weer op ’n ander manier dien. Ons is dankbaar vir elke bankoordrag en SnapScan-betaling waarmee lidmate voortgegaan het om hulle Sondagkollekte en maandelikse dankoffer te gee – by die skrywe hiervan het ons vir Aprilmaand 57% van die begrote bankkollektes en 9% bo die begrote bedrag vir die maandelikse dankoffers ontvang. Ons was in staat om personeellede se volle salarisse vir Maart en April te betaal, asook om alle ander noodsaaklike uitgawes te dek. Alle ánder uitgaweprojekte is egter vir eers opgeskort.

Die ad hoc-komitee wat in hierdie tyd die predikante en kerkraad ondersteun met insette vir die dag-tot-dag aktiwiteite van die gemeente, het teen die agtergrond van ’n waarskynlik uitgerekte inperking van mense se beweging en daarmee saam die onwaarskynlikheid dat normale kerklike aktiwiteite by die gemeentekompleks binne die volgende vier tot ses maande sal hervat, voorgestel dat al die kommissies in die komende twee weke moet herbesin oor hulle aanvanklik geïdentifiseerde prioriteite, die wyse van bediening tydens die inperkingsperiode en die impak daarvan op hulle aanvanklike begrotings. Dit sal ons in staat stel om nie net na besparings te kyk nie, maar ook die herprioritisering van aksies en die herkanalisering van beskikbare fondse in werking te stel. Ons is ook besig met die afsluiting en oudit van die boekjaar wat op 29 Februarie 2020 geëindig het en die resultaat daarvan sal in ag geneem word as deel van die voorgemelde oefening. Meer inligting hieroor volg in 'n volgende verslag rakende die gemeente se finansies.

Die woorde op almal se lippe is dat die impak van die koronavirus ’n nuwe normaal in die breë samelewing en ook in die kerk tot gevolg gaan hê. Vanuit ’n finansiële hoek beskou, is ons voorbereid op en ontvanklik daarvoor en sê daarom baie dankie vir elke lidmaat se voortgesette finansiële ondersteuning in hierdie moeilike tyd. Bid asseblief saam met ons vir wysheid en leiding wanneer ons as komitee vergader om te besin hoe om belangrike en sensitiewe besluite te neem.

Ons almal se balansstate lyk anders as twee maande gelede en ons wonder daagliks of die batekant weer gaan herstel en hoe ons kan keer dat die lastekant nie buite beheer raak nie. Dit laat my dink aan ’n gebed van wyle ds. Izak de Villiers, wat ons gereeld saam kan bid:

**Balansstaat**

O, Heer, ek dank U vir u groot geduld

met my. Ek is so in die skuld by U.

My bankstaat bly in rooi getik.

Nulle kom voor die komma by – ek sluk

soms swaar daaraan.

Ek bied so min en vra al meer krediet en kry dit (God weet hoe!).

Ek is soms bang U roep my in om alles te betaal

en haal my uit u weegskaal uit as ’n té groot risiko:

'n Twyfelaar wat glo.

Seënwense en bly veilig!

| Danie Claassen is voorsitter van die gemeente se finansiële kommissie.